’n Verdere terugslag het gevolg toe goewerneur sir Harry Smith in Februarie 1848 die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier onder die naam Oranjerivier-Soewereiniteit geannekseer en daarmee Winburg afgesny het. Gewapende verset onder Andries Pretorius, wat hom intussen aan die Magaliesberg gaan vestig het, het op 29 Augustus 1848 by Boomplaats misluk. Slegs die Oorvaalse gebied was vir die Voortrekkers oor en hier was daar drie duidelike geografies-politieke groepe: Wes-Transvaal (Potchefstroom) onder Andries Pretorius, Noord-Transvaal (Zoutpansberg) onder Potgieter, en Oos-Transvaal (Lydenburg) — Ohrigstad is weens die koors ontruim — onder ’n eie Volksraad.

Die Transvaalse Trekkergemeenskap het egter die noodsaaklikheid ingesien om hulle geledere te sluit en ’n eenheidstaat te bewerkstellig. So het in 1849 wel ’n vereniging tussen Potchefstroom en Lydenburg tot stand gekom, maar Zoutpansberg was afsydig. Pretorius en Potgieter kon mekaar nie vind nie. Pretorius wou met die Britse gesag oor onafhanklikheid onderhandel, terwyl Potgieter geen heil in so ’n beleid gesien het nie.

Die Britse gesag in die Oranjerivier-Soewereiniteit was aan die wankel onder talryke moeilikhede, waaronder die republikeinsgesindheid van sy inwoners nie die minste was nie. Die Basoeto’s het die Warden-bewind bedreig; in die Kaapkolonie het die Agtste Grensoorlog gewoed; in Natal was daar gerugte dat die Zoeloes Pretorius se hulp ingeroep het om die Engelse uit Natal te verdryf. Daarby het die Britse regering op hierdie stadium ’n anti-koloniale beleid voorgestaan onder die oortuiging dat verdere koloniale uitbreiding slegs meer koste en geen werklike voordeel meebring nie.

Van hierdie omstandighede het Andries Pretorius handig gebruik gemaak deur hom bereid te verklaar om te onderhandel. Die Britse regering het die geleentheid aangegryp en op 17 Januarie 1852 sluit Andries Pretorius, met volmag van die Potchefstroomse Krygsraad, en die twee Britse Kommissarisse, Hogge en Owen, die Sandrivierkonvensie, wat die onafhanklikheid van die Transvaalse Voortrekkers erken. Twee jaar later gee die Britse regering ook die Oranjerivier-Soewereiniteit prys en word die onafhanklikheid van die gebied tussen die Oranje en die Vaal luidens die Bloemfonteinkonvensie, 23 Februarie 1854, erken. Uit die twee Konvensies is die twee Boererepublieke gebore.

**Republikeinse konsolidasie in die Transvaal. —**

Die Sandrivierkonvensie het in die Transvaal sekerheid gebring insake die onafhanklikheid, maar het nie die onderlinge verdeeldheid beëindig nie. M. W. Pretorius, wat na die dood van sy vader, Andries, die leierskap in Wes-Transvaal op hom geneem het, het kragdadig vir vereniging gewerk. Hy slaag wel daarin om die Zuid-Afrikaansche Republiek te stig en ’n grondwet aanvaar te kry, dog die verskille het so groot geword dat Lydenburg op 17 Desember 1856 wegbreek om „De Republiek Lijdenburg in Zuid-Afrika” te stig. Ook die Zoutpansbergers onder Stephanus Schoeman,




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wat na Piet Potgieter se oorlye die leierskap oorgeneem het, kom in verset en beskou hulle as 'n onafhanklike gemeenskap. In werklikheid het die Zuid-Afrikaansche Republiek dus uit drie aparte republikeinse gemeenskappe bestaan.

Nog 'n vierde het bygekom, naamlik Utrecht. In 1847 het sommige van die Kliprivierboere hulle ten noorde van die Buffelsrivier en dus buite Natal gaan vestig. Dit was die begin van die distrik Utrecht. In die vroeë jare vyftig het hulle aansluiting by die Transvalers gesoek, maar Andries Pretorius, en later ook M. W. Pretorius, het met Panda onderhandel oor die verkryging van grond in die rigting van St. Luciabaai en wou daarom nie in Utrecht inmeng nie. Die Utrechters wou nie in onsekerheid voortleef nie en het in 1854 die gebied van Panda gekoop vir honderd beeste, waarna 'n bestuur tot stand kom bestaande uit komdt. J. C. Klopper, landdros A. T. Spies en vier Heemrade. Dit het egter nie verhoed dat hulle steeds na vereniging met die Transvaal gestreef het nie.

Mettertyd het die saamhorigheidsgevoel by alle groepe sterker geword en is vereniging bewerkstellig. Eers het Wes-Transvaal en Zoutpansberg mekaar gevind; daarna het Lydenburg en Utrecht verenig en uiteindelik



*Die inswering van Paul Kruger as President voor die Eerste Goewermentsgebou in 1883.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

het die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1860 'n verenigde staat onder M. W. Pretorius as Staatspresident geword. 'n Paar jaar later, nadat Pretorius ook as President van die Vrystaat gekies is, was daar weer rusies, selfs 'n burgeroorlog, op streeksgrondslag, dog die storms is geweer en die Zuid-Afrikaansche Republiek het sy eenheid behou. Daar was ook verskeie pogings, deur M. W. Pretorius met meer voortvarendheid as diplomasie aangewend, om die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat te verenig, maar dit het nooit geslaag nie.

In 1877 word die Zuid-Afrikaansche Republiek die slagoffer van die federasieplan van lord Carnarvon, die Engelse Minister van Kolonies. Dit was eintlik 'n kompliment vir die republikeinse gesindheid van die Transvalers dat Carnarvon besef het dat die Zuid-Afrikaansche Republiek nie oorgehaal sou kon word om by 'n Suid-Afrikaanse federasie onder die Britse vlag aan te sluit nie en dit deur middel van anneksasie moes geskied. Die eensgesinde en waardige wyse waarop die Transvalers onder leiding van die Driemanskap, Paul Kruger, Piet Joubert en M. W. Pretorius, teen anneksasie geprotesteer het en die moedige wyse waarop hulle die wapens



*J. J. BEZUIDENHOUD*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

teen Engeland opgeneem het, het die bewondering van die grootste gedeelte van Suid-Afrika afgedwing. Niks het die Afrikaans-Republikeinse lewenspatroon meer in aansien gebring as die roemryke Transvaalse Onafhanklikheidsoorlog (1880-1881) nie. Dit het, saam met ander faktore, die Afrikaanse nasionale sentiment laat ontwaak van Kaappunt tot aan die Limpopo.

In 1888 het die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n toevoeging aan sy suidoostelike grens gekry toe die Nieuwe Republiek daarmee verenig het. Hierdie republiek is gebore uit die toestand van onderlinge stryd waarin Zoeloeland na die Anglo-Zoeloe-oorlog (1879) verkeer het. Op uitnodiging van 'n groep Zoeloes, trek 'n klompie Boere uit Transvaal, later aangevul uit die Vrystaat en Natal, Zoeloeland in 1884 binne, salf Dinuzulu tot Opperhoof, onderwerp die weerbarstige Usibepu, en herstel die vrede. As beloning vir hulle dienste ontvang die Boere 'n stuk grond in Zoeloeland, waar hulle in Augustus 1884 die Nieuwe Republiek stig met Lucas Meyer as President. Finansiële probleme het die Nieuwe Republiek gedwing om in 1888 as die distrik Vryheid met die Zuid-Afrikaansche Republiek te verenig.

'n Dergelike geskiedenis lewer die Republieke Stellaland en Goosen op, wat in 1882 en 1883 aan die suidwestelike grens van die Zuid-Afrikaansche Republiek gestig is. Boerevrywilligers het die twee naturellekapteins, Mosjette en Massouw, teen hulle vyande gehelp en grondgebied as vergoeding ontvang. Hierop stig een groep in 1882 die Republiek Land Goosen met Rooigrond as sentrum van die bestuur en N. C. Gey van Pittius as Voorsitter of Administrateur. Dit word in 1883 gevolg deur die stigting van Stellaland met Vryburg as hoofdorp en Gert J. van Niekerk as Administrateur. Albei se bestaan is egter in 1885 deur die militêre ekspedisie van sir Charles Warren beëindig. Hulle het grotendeels deel geword van Brits-Betsjoeanaland wat in 1895 by die Kaapkolonie ingelyf is.

Nog iets dergeliks is die Klein-Vrystaat wat in die suidwestelike deel van Swaziland tot stand gekom het. In 1876 het J. J. Ferreira en F. J. Maritz ongeveer 15,000 morge van die Swazi-opperhoof Umbandien vir R360 in ware (ryperde, komberse, pikke ens.) gekoop, waarop 'n aantal Boere hulle daar gevestig het. In 1886 is 'n bestuur vir die staatjie gekies, bestaande uit J. J. Bezuidenhout, L. Botha en T. Potgieter, met die plaas Vaalkop as die regeringsentrum. Nadat vergeefs aansoek gedoen is om inlywing by die Zuid-Afrikaansche Republiek het die Driemanskap in 1890 die Klein-Vrystaat tot onafhanklike staat verklaar. Met die Swazilandkonvensie van dieselfde jaar het Brittanje egter toegestem dat die Klein-Vrystaat by die Zuid-Afrikaansche Republiek ingelyf word, wat dan op 10 April 1891 gebeur. Dit word toe 'n deel van die distrik Piet Retief.

Merkwaardig is die geskiedenis van nog 'n republiek wat deur Transvalers gestig is, maar hierdie keer honderde myle van die Transvaalse grens. In 1885 het 'n groep Transvaalse Dorslandtrekkers vanuit Angola suidwaarts oor die Kunene getrek en hulle gevestig in die omgewing van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services





*Die Wapen en Vlag van „De Nieuwe Republiek"*

Etoshapan op 'n gebied 1,000 vierkante myl groot, wat 'n Kaapse handelaar, W. W. Jordan, van die Ovambo's gekoop het. Hulle vorm 'n bestuur van dertien lede met G. D. P. Prinsloo as President (Voorsitter) en gee hulle staat die sonderlinge naam van Upingtonia, blykbaar om die guns van die toenmalige Kaapse Eerste Minister, Thomas Upington, te wen. Weens die dreigende houding van inboorlinge verdwyn Upingtonia egter reeds die volgende jaar toe die meeste nedersetters terug verhuis na Transvaal.

**Die Oranje-Vrystaat**


Anders as die Zuid-Afrikaansche Republiek het die susterrepubliek,


Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Die vierde Raadzaal van die Oranje-Vrystaat, 'n praggebou en simbolies van die Vrystaatse volksbestaan, wat in 1893 in gebruik geneem is.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Die „Gouvernements-Kantoren" wat in 1875 in Bloemfontein opgerig is.*

die Oranje-Vrystaat, nie met soveel interne botsings te kampe gehad nie. Ondanks partyskappe het hierdie republiek van die begin af 'n benydenswaardige eenvormigheid getoon, wat mettertyd sterker geword het. Met 'n behoorlike grondwet, ontleen aan die Franse konstitusie van 1848 en die Amerikaanse van 1787, het die Vrystaat op 'n vaste basis ontwikkel en was hy staatsregterlik seker die volwaardigste van al die Suid-Afrikaanse republieke van die negentiende eeu.

In die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat is daar sekere fases te sien In die eerste plek het mens die beeld van 'n pionierstaatjie, swak toegerus met finansiële middele sowel as organisatoriese talent, wat hom moeisaam omhoog werk onder die bedreiging van die Basoeto-mag wat soos 'n donker wolk aan sy oosterkim gehang het. Dit het meegebring dat 'n gedeelte van die bevolking hulle staatkundige toekoms in vereniging met die Zuid-Afrikaansche Republiek gesien het en 'n gedeelte weer in 'n nouer aaneensluiting by die Kaapkolonie. Sir George Grey, die Kaapse Goewerneur, het gesorg dat eersgenoemde strewe misluk deur te dreig met verbeurdverklaring van die Konvensies indien die twee republieke verenig en terselfdertyd het hy laasgenoemde neiging vertroetel om sy eie federasieskema te laat slaag. Ook dit misluk egter weens die onwil van die Britse regering teen die einde van die jare vyftig.

So het die Vrystaat geleer om op eie bene te staan en onder die vasberade beleid van president Brand tot 'n eensgesinde, selfstandige en volwaardige republiek te ontwikkel. Eers is die Basoetoeprobleem met beslistheid aangepak, maar net toe die Vrystaat die finale oorhand gekry het, is Basoetoland deur goewerneur sir Philip Wodehouse in naam van Brittanje geannekseer. En toe kort hierna Griekwaland-Wes, wat Vrystaatse



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gebied was, met die diamantvelde en al deur die volgende Goewerneur, sir Henry Barkly, ook vir Engeland geannekseer is en die geskil nadat dit jarelang voortgesleep het, eers in 1876 op 'n onbevredigende wyse vir die Vrystaat opgelos is, toe het daar 'n skerp anti-Engelse gees ontstaan, wat vir die res van die eeu nie weer gewyk het nie.

Die toestroming van delwers na die diamantvelde van Griekwaland-Wes het die ontstaan van miskien die sonderlingste republiek in Suid-Afrika ten gevolge gehad. Weens die onsekerheid oor welke gesag nou eintlik aanvaar moes word, het die delwers van Klipdrift (by Barkly-Wes) in 1870 'n republiek uitgeroep met Stafford Parker, 'n gewese Britse matroos, as die President. Net die volgende jaar egter het die ontdekking van ryker delwerye op die plek waar Kimberley sou ontstaan, die Delwersrepubliek laat leegloop. In Oktober 1871 is Griekwaland-Wes deur Brittanje geannekseer en was daar natuurlik geen sprake dat daar weer so-iets tot stand sou kom nie.

Maar om terug te keer tot die Vrystaat: bogenoemde anti-Engelse gevoel het die mislukking van Carnarvon se federasieplan, ook wat die Vrystaat betref, ten gevolge gehad. Dit het ook die geneigdheid na die Transvaal laat toeneem, veral tydens die anneksasie van Transvaal en die Vryheidsoorlog. President Brand het hierdie neiging probeer teenwerk. Hy het groter heil in federasie met al die gebiede in Suid-Afrika gesien, al was dit dan onder Engelse vlag, as in nouer samesluiting met die Transvaal.

Reeds vanaf die begin van die jare tagtig kan die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat moeilik van die res van Suid-Afrika geskei word. Met die ontwikkeling van die mynbou word Suid-Afrika 'n ekonomiese eenheid soos ook weerspieël word in die uitbreiding van die spoorwegnet. In hierdie ontwikkeling neem die Vrystaat al meer 'n sentrale posisie in. Ekonomies en wat binnelandse orde betref, het dit goed gegaan en die staat kry die naam van modelrepubliek.


Na die dood van president Brand in 1888 het die Oranje-Vrystaat sy lot by die Zuid-Afrikaansche Republiek ingewerp. By president Reitz sowel as president Steyn was die Afrikaanse nasionale gevoel en die republikeinse sentiment oorheersend. Reeds in Maart 1889 kom daar 'n politieke verbond tussen die twee republieke tot stand, wat later deur president Steyn nog nouer aangehaal is.

### Die ondergang van die Boererepublieke

Die ondergang van die twee Boererepublieke hang ten nouste saam met die beleid wat Brittanje ten opsigte van Suid-Afrika gevolg het. Die imperialistiese wending wat die Britse politiek met die anneksasies van Basoetoeland, Griekwaland-Wes en Transvaal kenmerk, het gelyk of dit met die teruggawe van onafhanklikheid aan Transvaal in 1881 en met die Londense Konvensie van 1884 weer verander. Tog word Brittanje sowel as elke ander groot Europese moondheid, vasgevang in 'n imperialistiese



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Die Ou Goewermentsgebou aan die suidekant van Kerkplein, Pretoria; in 1887/8 ontwerp deur Sytze Wierda en in die begin van 1892 in sy geheel voltooi.*

wedloop, wat veral die laaste kwart van die negentiende eeu gekenmerk het. Faktore binne sowel as buite Suid-Afrika het Brittanje verplig om sy beleid weer eens te wysig. Die wedloop om kolonies en die opkoms van Duitsland was twee belangrike faktore. Brittanje wou nie toelaat dat sy posisie as oorheersende handels- en koloniale moondheid aangetas word nie en moes gevolglik meedoen aan die wedloop om kolonies.

Binne Suid-Afrika was daar veral twee faktore wat die Britse beleid beïnvloed het, naamlik die ontwaking van 'n Afrikaanse nasionale bewussyn en die ontdekking en ontginning van die Witwatersrandse goudvelde Gerugsteun deur die ontwakende Afrikaanse nasionale bewussyn het president Kruger daarna gestreef om sy republiek sterk te maak teen Britse imperialisme en met behulp van 'n eie hawe, en miskien ook Duitse steun, ekonomies onafhanklik van Brittanje te wees. 'n Sterk Afrikanerrepubliek was nie bevorderlik vir die Britse oppergesag in Suid-Afrika nie. Brittanje was wel vir 'n verenigde Suid-Afrika, maar dan onder die Britse vlag en hiervoor was die groot kampvegter in Suid-Afrika, Cecil John Rhodes, wat sy geld en invloed terdeë gebruik het om Britse gesag in Suid-Afrika uit te brei.

Rhodes en sy imperialistiese geesgenote wou die Zuid-Afrikaansche



Digitised by the University of Pretoria, Library Services